# WAT IS CHARISMATIESE TEOLOGIE? 'N OORSIG OOR RESENTE VERWIKKELINGE

J Theron[1]


## OPSOMMING

Die term "charismaties" beteken vir verskillende mense verskillende dinge. Wat die ontwikkelende charismatiese teologieë betref, is dit aan die een kant duidelik dat die Charismatiese Beweging eintlik te jonk is om 'n aparte teologie daar te stel. Boonop bevind baie charismatici hulself binne gevestige kerke en hulle poog dus hoogstens om bestaande fasette van hulle eie kerklike tradisie binne nuutgevonde insigte en ervaringe te herinterpreteer. Aan die ander kant ontwikkel daar sekere groeperinge en beklemtoninge wat apart aangedui en geklassifiseer kan word. Om dit te kan doen word daar gekyk na die historiese wortels van die Beweging en na verskillende tendense wat die ontwikkeling van 'n eie sistematiese teologie beïnvloed. Karaktertrekke van hoofstroomgroepe en die gedagtes van hulle leiers word bespreek.



## SUMMARY

The term "charismatic" means different things to different people. From one perspective it is clear that the growing number of charismatic theologies have different characteristics. However, it should be noted that the Charismatic Movement as such is too young to produce a distinctive theology. Many charismatics belong to mainline churches and these people do not want to develop a new theology but rather prefer to reinterpret some aspects of their own tradition in terms of new-found insights and experiences. On the other hand, some trends and emphases are developing which can be identified and classified separately. In order to do this the historical roots of the Movement as well as streams that influence the development of a systematic theology are looked at. The main characteristics of the most influential groups and the thoughts of their leaders are discussed.


1 Prof Jaques Theron, Dept Praktiese Teologie, Universiteit van Suid-Afrika, Posbus 392, Pretoria, 0003.

# 1. INLEIDING

Die term "charismaties" word op verskillende maniere gebruik. Vir sommige dui dit op alles wat ongereformeerd of ongebalanseerd is; dit laat 'n slegte smaak na. Vir ander geld dit as die noemer van 'n groep kerke wat 'n bepaalde klem op die rol van geloof en materiële voorspoed in die lewe van die Christen lê. 'n Ander groep sien in die term 'n element van nuwe lewe en vreugde en iets wat in gevestigde kerklike kringe te lank verwaarloos is. Boonop word die term in die laaste paar dekades binne die sekulêre wêreld ook al hoe meer gebruik. Die feit is dat die term velerlei gebruike en toepassings het.

Die doel van hierdie artikel is om verskillende christelike groepe wat as "charismaties" aangedui word, te identifiseer en om die teologiese agtergronde sowel as die beklemtoninge wat in die kringe bestaan, te belig.

In die poging om Charismatiese Teologie beter te verstaan sal daar eerstens gekyk word na die vroeë ontwikkelinge binne die Charismatiese Beweging. Spesifieke aandag sal ook gegee word aan die verband met die Pentekostalisme, met later verwikkelinge en die huidige posisie van hierdie beweging. Die verskillende kerke, groepe en teoloë wat hulle met die aanverwante teologieë vereenselwig, word ook geïdentifiseer.

Vanuit die staanspoor sal dit egter besef moet word dat Charismatiese Teologie as sodanig, net eenvoudig tot nou toe nie 'n goed-ontwikkelde, aanduibare, aanvaarbare teologie in sy eie reg, daargestel het nie. Ten dele is die rede hiervoor dat die Beweging nog net te jonk is vir so 'n opgaaf. 'n Volgende rede is dat hierdie soort teologie eintlik die denke in 'n hele reeks van kerke, groepe en strominge wat uit totaal verkillende agtergronde afkomstig is, verteenwoordig. Verder moet in gedagte gehou word dat die Beweging — en veral in sy eerste fase — baie sterk van 'n soort van orale teologie gebruik gemaak het en eers onlangs begin het om denke op skrif te stel.

Vervolgens sal daar nou eers op die historiese wortels van die Beweging en dan op die kenmerke van Charismatiese Teologie gelet word.

# 2. DIE WORTELS VAN CHARISMATIESE TEOLOGIE

## 2.1 Historiese verwikkelinge

Pinkster- en Charismatiese Teologie word dikwels saam gegroepeer aangesien daar sterk historiese bande tussen die twee strome bestaan. Daarom is dit ook te verstane dat in die eerste fases van laasgenoemde se ontwikkelinge, dit deur sommige as "Neo-Pentekostalisme" geïdentifiseer is. In resente jare het sommige charismatici egter hulle bes gedoen om 'n eiesoortige teologie — apart van die sterk verbintenis met Pinksterteologie — te ontwikkel. In die proses word daar al hoe meer ander benaminge gebruik vir Charismatiese Teologie — soms selfs effens los daarvan — soos *Vernuwingsteologie* en *Third Wave Theology*. Ons sal aan hierdie en ander benaminge op 'n later stadium aandag gee. Net eers terug na die historiese wortels.

Die sogenaamde *Eerste Golf* in die omvattende Pinkster — Charismatiese Bewegings begin ongeveer in die jare 1901 tot 1906 met vroeër wortels in die geestelike ontwakings tussen swart slawe in die agtiende (1714, 1783) en negentiende eeu (cf. Lederle 1990: 282).

Dit word algemeen aanvaar (cf. Lederle 1990: 283; Spittler 1991: 292) dat die *Tweede Golf* van hierdie beweging, meer spesifiek verwysende na die Charismatiese Beweging, in die vroeë sestigerjare na vore gekom het. Dit het eers begin by die sogenaamde gevestigde of te wel "main-line churches" in 1960, in die Rooms-Katolieke Kerk in 1967 en in die Oos-Ortodokse Kerk in 1971. In die taal van Pinkstermense het hierdie beweging "Pinkster" na die erkende kerke toe gebring. Hierdie bekendstelling van sommige van die hoofmomente binne die Pinkstergeledere aan die historiese kerke en ekumeniese kringe is veral bewerkstellig deur die merkwaardige "one-man crusade" van die Suid-Afrikaner David du Plessis ('n vroeëre hoofsekretaris van die Apostoliese Geloof Sending van S.A. — deur die Amerikaanse pers as "Mr Pentecost" aangedui), die lekebeweging genaamd "Full Gospel Business Men's Fellowship" en die genesingsbediening van Oral Roberts van die Oral Roberts University. (Ook die Ned. Geref. Kerk is beïnvloed en verskeie

streeksinodes in die sewentigerjare sowel as die Algemene Sinode van 1978 het bepaalde besluite geneem wat neergekom het op 'n sistematies-teologiese herposisionering ten opsigte van die voortbestaan van die charismata.)

Lederle (1990: 284) wys daarop dat die potensiaal vir verbrokkeling en skeuring wat die Charismatiese Vernuwing van die "Tweede Golf" gehuisves het, veral op die vlak van die plaaslike gemeente na vore gekom het. Meer tradisievaste Christene was bedreig deur die vernuwingsbeweging. Verskeie denominasionele charismatici het 'n houding van elitisme en geestelike trots geopenbaar. Dit het in verskeie groepe tot spanning en vervreemding gelei. Sommige gemeentes het geskeur. In ander het daar tweespalt ontstaan en die taak van die leierskap is bemoeilik. Enkele kleiner denominasies is verdeel in charismatiese en niecharismatiese afdelings. In die meeste gevalle het denominasies egter die saak so hanteer dat daar 'n mate van akkommodasie plaasgevind het en 'n meer charismatiese aanbiddingstyl is binne die bestaande pluraliteit in die kerk aanvaar. Die drie volumes *Presence, Power, Praise* deur McDonnell (1980) boekstaaf die geleidelike veskuiwing in die offisiële uitsprake van kerke oor die Charismatiese Beweging. Die aanvanklike teenkanting tot die latere versigtige aanvaarding en integrasie is hier duidelik sigbaar. Hierdie verandering het veral plaasgevind in die houding van leiers binne die Katolieke en hoofstroom Protestantse kerke.

Die definiëring van die term *Derde Golf* (*Third Wave*) plaas ons voor bepaalde probleme. Beide Spittler (1991: 292) — op voetspoor van die demograaf DB Barrett — en Wagner (1988: 13-19) sê dat hierdie fase ongeveer in 1980 ontstaan het. Volgens hulle beskryf die term die "Evangelicals" wat nie geneë is om hulle kerke te verlaat nie en wat ook om verskillende redes nie graag as "Pinkstermense" of "Charismatici" bekend wil staan nie maar wat nogtans die sogenaamde Pinkster-"supernaturalisme" aanvaar het. Dit beteken dus dat hierdie mense die gawes soos profesie, eksorsisme, genesing, woord van kennis, tale en uitleg van tale, beoefen. Die bogenoemde skrywers pas dus die term toe op 'n groep van denominasionele — eerder as onafhanklike — charismatici wat meesral uit 'n meer kônserwatiewe agtergrond asook vanuit die sogenaamde

dispensasionele kerke kom. Dit beteken dus dat volgens hierdie benadering die terme "Charismaties" en "Tweede Golf" tot die Neo-Pentekostalistiese groepering van Charismatici beperk is terwyl die skrywers die term "Derde Golf" reserveer vir die meer gesofistikeerde charismatiese standpunte.

Lederle se uitgangspunt (1990: 285, 287) daarenteen is dat die term "Derde Golf" ("Third Wave") baie eerder toegepas moet word op die groei en ontwikkeling van onafhanklike charismatiese denominasies en netwerke. Hy verbind hierdie standpunt aan die feit dat in die tagtigerjare sommige denominasionele Charismatici hulle denominasies verlaat het aangesien daar gemeen is dat hierdie kerke nie vatbaar is vir radikale vernuwing nie. In hierdie proses is hulle getalle aangevul deur mense uit die klassieke Pinkstertradisie wat gewanhoop het aan die sterk tradisionalisme binne Pinkstergeledere. Hierdie nuwe groepe het sogenaamde non-denominasionele kerke en sentrums gevorm. Ander het deel geword van onafhanklike groepe wat gevorm is en wat nuwe leerstellige beklemtoninge ontwikkel het. Lederle onderskei ten minste vier sulke strominge waarna gekyk sal moet word:

(a) Die sogenaamde "Faith Movement",

(b) Die Restorasie-stroom,

(c) Die "Dominion Movement" en

(d) Die "Power Encounter" beweging.

## 2.2 Die groei van die Beweging

Hollenweger (1993: 152), onder andere deur gebruik te maak van die statistiek wat deur DB Barrett aangebied word, wys daarop dat in die verlede, akademiese teologie in die algemeen geen idee gehad het van die belangrikheid van die aanhoudende groei van die Pinksterbeweging nie. Hierdie uitspraak is steeds geldig. Nog nooit in die geskiedenis van die kerk het een beweging van sy begin af tot meer as 300 miljoen mense binne die bestek van tagtig jaar gegroei nie — dit wil sê as 'n mens kyk na die Pinksterkerke, die Charismatiese Beweging en die Onafhanklike Kerke in die Derde Wêreld wat in elk geval histories en fenomenologies tot die Pinkstergeledere gereken kan word. Volgens hom lê die rede vir

hierdie groei eerstens in die swart- en tweedens in die sterk mondelinge erfenis van die Pinksterbeweging.

Barrett (1989: 20-21; cf. 1988: 810-830) bereken dat daar teen 1988 ongeveer 351 miljoen Pinkstermense en Charismatici was teenoor sowat 318 miljoen Protestante. Laasgenoemde getal sluit nie die sowat 53 miljoen Anglikane in nie aangesien hulle offisieel gesproke nie baie tuis is met die term "Protestant" nie. Hy verwys ook na die Pinkster/Charismatiese Beweging as 'n "megatrend" gedurende die tagtigerjare. Verder moet ook in gedagte gehou word dat 80% van alle Oos-Asiatiese Christene Pinkster/Charismaties is. Vanuit laasgenoemde streek begin charismatiese Christene hulle eie inheemse sendingorganisasies om oral oor die wêreld personeel te versprei. Hulle het invloed in lande sover as Brasilië, die Verenigde State, Duitsland, Frankryk, Brittanje, Saudi-Arabië, die Golf state en in meer as vyftig ander lande.

## 3. KARAKTERTREKKE VAN CHARISMATIESE TEOLOGIE

### 3.1 Van 'n mondelinge tot 'n formele sistematiese teologie

Spittler (1991: 302) sê dat dit wat die Klassieke Pentekostalisme van al haar kinders in die Vernuwing onderskei, is die karakter en die langdurigheid van die kerklike tradisies wat betrokke is, en spesifiek ook die verskillende waardes wat aan akademiese aktiwiteite geheg word. Die feit is dat die Pinksterbeweging juis deur sy orale tradisies gegroei het. Dit kan nie verstaan of met reg geëvalueer word as hierdie feit nie in berekening gebring word nie (cf. Hollenweger 1993: 151-153).

Die eerste Charismatici het naastenby op dieselfde basis begin met hulle getuienisse, verhale, veranderde aanbiddingstyle, liefdesmaaltye, beskrywinge van veranderde lewens maar kort daarna het opleiding en studie groter waarde begin kry (cf. Lederle 1988: 37).

Dit alles het aan die een kant beteken dat Charismatici kon meedoen aan hierdie styl van teologiese refleksie maar aan die ander kant dat hulle ook die voorreg gehad het om deel te hê aan die

rykdom van die grotere Protestantse tradisies waarin daar 'n positiewe waardering en steun vir akademiese nadenke is. Dit het daartoe bygedra dat die teologiese produkte wat uit die charismatiese hoofstroom-kerke kom op akademies-tegniese gebied van 'n ander standaard was as die beskeie en pragmaties-leerstellige produkte wat uit die veel jonger klassieke Pinkstertradisie voortgevloei het (Spittler 1991: 303).

## 3.2 'n Verskeidenheid van teologieë

Weer eens moet dit beklemtoon word dat daar maar net enkele goed ontwikkelde sistematiese teologieë is wat maklik as "Charismaties" geïdentifiseer sou kon word. Dit moet verstaan word in die lig van die sterk orale karakter van die Beweging en ook vanweë die feit dat die Beweging maar net meer as 30 jaar oud is. Soos hierbo aangedui was Charismatici in die sestigerjare nou aan mekaar verbonde vanweë hulle gesamentlike (Pinkster- ) ervaring van die Gees. Soos wat die tyd aangestap het, het baie Charismatici ernstig begin bid dat hele denominasies op 'n nuwe manier deur dieselfde Gees aangeraak sou word. Dit het daartoe gelei dat talle Charismatici baie meer bewus geword het van hulle eie denominasionele erfenisse en tradisies. Met die oog op die bereiking van groter getalle van hulle eie mense en ook om die vrees te besweer dat die denominasionele Charismatici *en route* was na Pentekostalisme of selfs na skeuring met hulle eie kerke, is daar gepoog om dringend na teologiese refleksie te vra en betrokke te raak in 'n soort van rekonfessionalisering. Op hierdie wyse het byvoorbeeld Katolieke Charismatici baie meer bewus geword van hulle eie tradisies en charismatiese fasette is herontdek in die gedagtes van die Mistieke skrywers. Erkenning aan Maria en lojaliteit teenoor die pous het óf vermeerder óf ten minste meer sigbaar geword. Op dieselfde wyse het Lutherane en Metodiste hulleself weer sekere fasette van Luther en Wesley se leerstellinge toegeëien — of meer klem gelê op hulle eie sakramentele/liturgiese tradisies soos in die geval van die Anglikane en Episkopale. Selfs Calviniste het tot hulle verbasing ontdek dat die Hervormer van Genéve die oplig van hande (en harte!) sterk aanbeveel het as as 'n gebedshouding wat deur die eeue heen gerespekteer is (Lederle 1990: 283). Spittler (1991: 303) maak die belangrike punt naamlik dat

charismatiese teologieë 'n groot mate van diversiteit vertoon. Dit beteken dat die verskeie variasies van Protestantisme, wanneer hulle onder charismatiese invloed kom, steeds die wortels en hoofkenmerke van elke onderskeie tradisie vertoon. Hy voeg daaraan toe dat Protestantse charismatiese teologie — dit wil sê in vergelyking met die klassieke Pinksterteologie — baie meer akademies substansieel van aard is, vanweë die ervaring van eeue se diversifikasie in staat is om baie groter variasies te hanteer, heel waarskynlik gouer in drukvorm sal verskyn ná die charismatiese impuls en ook gouer verby die punt van (persoonlike) opbou sal beweeg tot kritiese en sosiale betrokkenheid. Laasgenoemde punt word veral toegeskryf aan die meer volwasse teologieë van die Reformatoriese kerke en hulle sterk kategetiese materiaal.

## 3.3 Die doop in/met die Gees gesien vanuit verskillende perspektiewe

Dit is verstaanbaar dat teoloë in charismatiese kringe — veral die wat tot die "Tweede Golf" behoort, aanvanklik nie 'n begeerte gehad het, of dit gewaag het, om hulle eie kerke se leerstellinge te probeer herskryf nie. Teenoor so 'n moontlikheid het hulle eerder gekonsentreer op die sentrale leerstelling van die charismatiese ervaring: die doop in/met die Heilige Gees. Hierdie was die vernaamste kenmerk wat hulle in die lig van hulle eie onderskeie teologiese agtergronde moes herinterpreteer.

In die algemeen gesproke het die eerste charismatiese leiers die kategorieë en raamwerke van die Pentekostalisme oorgeneem en daarom staan hulle teologie as *Neo-Pentekostalisme* bekend. Lederle wys daarop dat alhoewel hulle minder nadruk gelê het op die "wet van die tale" (soos wat Tom Smail die Pinksterleerstelling beskryf naamlik dat almal wat deur die Gees vervul word in tale moet praat), het hulle tog die "theology of subsequence" of 'n twee-fase van Christelike groei beklemtoon — verwysende na die gedagte dat Christene eers tot redding kan kom en dan later die doop in/met die Heilige Gees kan ontvang. Hy sê verder dat hierdie standpunt in die meeste gevalle noodwendig tot 'n soort van elitisme aanleiding gegee het en Christene in twee kampe verdeel het — die wat alleen maar gered/weergebore is en die wat gered/weergebore is asook gedoop is

in/met die Heilige Gees. Hierdie standpunt is later aan strenge eksegetiese ondersoek onderwerp en die meeste Nuwe Testamentici het bevind dat dit swak Bybelse gronde het. Op grond hiervan het 'n nuwe proses van teologiese reïnterpretasie onder Charismatici begin.

Die publikasie deur Lederle — oorspronklik sy doktorale proefskrif by die Universiteit van Suid-Afrika (1988), is 'n uitsonderlike goeie gids as 'n mens die variasies binne charismatiese teologieë en die verwikkelinge daaromtrent wil verstaan. Hy beskryf en analiseer die teologieë van sowat 40 verskillende Charismatici wat uit 'n Protestantse, Rooms-Katolieke en Oos-Ortodokse agtergrond kom. Hy begin met voor-charismatiese interpretasies van die Geestesdoop en later klassifiseer hy breedweg drie groepe. Soos hierbo vermeld word die eerste van hierdie groepering die *Neo-Pentekostalistiese interpretasies* genoem. Hier is 'n besondere klem op die spreek in tale as aanvanklike bewys ("initial evidence") van die geestesdoop. Die skrywers in hierdie kategorie is byvoorbeeld Don Basham (verteenwoordigende die niedenominasionele Charismatiese Beweging, wat veral in die beginjare die mees outentieke vorm van Neo-Pentekostalisme was), Dennis Bennet (wat algemeen as die pionier van die Charismatiese Beweging aanvaar is), Terry Fullham (die laaste twee van die Episkopaalse Kerk), Larry Christenson (Lutheraan — hier geëvalueer op grond van sy eerste geskrifte), Stephan Clark en Peter Hocken (Katoliek), J Rodman Williams (Presbiteriaans) en Howard Ervin (Baptis).

Soos te verwagte is die skrywers wat onder Lederle se tweede kategorie, dit wil sê die *Sakramentele interpretasies* val, meestal te vind onder die Anglikane/Episkopale, Katolieke, Gereformeerde, Ortodokse en Lutheraanse denkers. Voorbeelde hiervan is Kardinaal Suenens, Arnold Bittlinger, JM Ford, Donald Gelpi, Kilian McDonnell, Heribert Mühlen, Larry Christenson, Brick Bradford, John Gunstone en Eusebius Stephanou.

In hierdie groep word die "geestesdoop" meerendeels gesien as doopsgenade wat op 'n ervaringswyse — as't ware soos 'n blom wat oopvou — tot verdere ontplooiing kom. Die Gees wat die individu gedurende die doopsakrament van inlywing ontvang, word op 'n ervaringswyse "vrygestel" wanneer die persoon in die Gees gedoop word. In hierdie interpretasieproses is pogings aangewend om die

term "Geestesdoop" — wat deurgaans onder die vraagteken is — te vervang maar dit was meesal onsuksesvol (Lederle 1991: 284).

Die derde groep van skrywers sluit sommige van die name wat reeds genoem is in. Hulle word geklassifiseer onder die term *Integrerende interpretasies*. Hierdie groep is baie minder homogeen as die vorige twee. Die kenmerke hier is hulle sterk kritiek op die twee-stadia patroon vir Christelike ervaring en veral die feit dat hulle graag hulle eie interpretasies van Geestesdoop op 'n organiese wyse wil laat integreer in die historiese Christelike geloof sonder om dit op 'n spesifiek sakramentele wyse te doen. Hierdie groep het baie sterker denominasionele lojaliteite. Hier vind ons die name van Tom Smail (Presbiteriaans/Anglikaans), David Watson, Michael Harper en Michael Cassidy (Anglikaans), Charles Hummel en Morton Kelsey (Episkopaals), Culpepper, Hart, Bridge en Phypers (Baptisties), Sullivan en (weer eens) Mühlen (Katoliek), asook Donald Griffioen en Barbara Pursey (Gereformeerd/Presbiteriaans).

Vanuit hierdie groep, sê Lederle (1990: 284), is dit veral die meer "Evangeliese Charismatici" wat 'n breë spektrum van nuwe interpretasies aangebied het met die doel om die charismatiese ervaring op 'n sinvolle manier by die historiese Christelike leerstellinge te integreer. Die geldigheid van die ervaring van "Geestesdoop" is aanvaar maar sonder om daarmee saam ook die elitistiese toppunt- of insident-georiënteerde en ervaringsgerigte gekonsentreerdheid — wat in veral vroeëre interpretasies geheers het — aan te neem. Dit is gesien as die finale stadium van Christelike inlywing, die vervulling met die Gees, iets wat herhaalbaar is, 'n bergtopervaring, 'n nuwe "koms" van die Gees, 'n groei of deurbraakervaring, of as 'n deel van die lang onderdrukte ervaringsdimensie van die normale Christelike lewe. Volgens hom het hierdie nuwe interpretasiemodelle die "Tweede Golf" Charismatici in staat gestel om die "ongewenste bagasie" van die Pentekostalisme te ontduik sonder om die nuutgevonde vreugde van die "lewe in die Gees", dit wil sê die openheid tot geestelike ervaringe van God se teenwoordigheid en die manifestasie van die volle reeks charismatiese gawes in die kerk, prys te gee.

# 4. SISTEMATIESE TEOLOGIEË VANUIT VERSKILLENDE TRADISIES

## 4.1 'n Charismatiese teologie vanuit 'n Protestantse perspektief

Veral Spittler (1991: 302-307) se gedagtes is vir ons in hierdie opsig van belang. Hy meld dat dit eers in 1988 was dat iemand die eerste sistematiese teologie met 'n goed ontwikkelde teologiese gesigspunt vanuit die Tweede Golf se beskouinge na vore gebring het. In daardie jaar het Presbiteriaanse sistematiese teoloog, J Rodman Williams sy *Renewal Theology: God, the world, and redemption,* met die newetitel *Systematic theology from a Charismatic perspective,* gepubliseer. Die gedagte by Williams was om deur *Renewal Theology* 'n omvattende sistematiese teologie daar te stel. In die voorwoord skryf hy: "My concern is ... to deal with the full range of Christian truth. It will nevertheless be 'renewal theology', because I write as one positioned within the renewal context." Williams sien sy eie werk as soortgelyk aan ander behalwe in drie spesifieke opsigte. In die eerste plek hou hy met die oog op goeie kommunikasie doelbewus by 'n soort van 'n gesprekstrant. In die tweede plek skryf hy sonder om skaam te wees met entoesiasme. Hy sê dat dit 'n uitvloeisel is van die persoonlike vernuwingservaring wat hy in 1965 gehad het. In die derde plek, en veral in Volume 2, adresseer hy 'n deel wat in ander werke nagelaat is naamlik die charismatiese dimensies van die leer oor die Heilige Gees. Dit is duidelik dat Williams weg beweeg het van sy sakramentele beskouing en veel nader staan aan die Klassieke Pinksteruitgangspunte — maar sonder hulle spesifieke taalgebruik. Sy gedagtes toon die vrug van volwasse nadenke en geartikuleerde balans. Volume 2 is 'n besonder goeie bydrae tot die leer van die Heilige Gees binne 'n sistematiese konteks - 'n uiteensetting wat met vrymoedigheid en op 'n intensiewe wyse onderwerpe soos geestelike gawes en die "koms van die Gees", ontwikkel. Volume 3 van *Renewal Theology* (1992) handel oor sake rakende die kerk, die koninkryk en die laaste dinge.

Williams huiwer nie om sy ervaring van persoonlike vernuwing in sy werk te laat deurskemer nie. Dit word nie gedoen op 'n manier

wat aanstoot gee nie maar op 'n wyse wat betrokkenheid by die materiaal bewerkstellig. "What I hope the reader will catch", skryf hy (1988: 12), "is the underlying excitement and enthusiasm about the reality of the matters discussed. The old being renewed is something to be excited about". 'n Verhelderende gedeelte getitel, "The method of doing theology" (1988: 21-28), begin met "seeking the guidance of the Holy Spirit". Hy voel ook dat 'n mens se teologiese metode moet uitwys dat dit op die Skrif berus, bekend is met kerkgeskiedenis, bewus is van die huidige situasie en verwant is aan groei in Christelike ervaring. Sy styl ten opsigte van skrifgebruik is veel nader aan die nietegniese benadering van die Klassieke Pentekostalisme en juis hierdie faset skei sy benadering van die van die Katolieke Charismatici. Aan die ander kant moet gesê word dat hy weier om homself te vereenselwig met die resente beklemtoning op "Scientific Creationism" wat in die regtervleuel van sterk evangeliesgesinde groepe te vind is en waarmee baie Pinkstermense (maar baie minder Charismatici) sou saamgaan. Iets van Williams se charismatiese kreatiwiteit kom na vore wanneer hy oor die skepping nadink binne die kategorieë seën, lofprysing en verwondering, met die klem nie op die hoe God geskep het nie maar op die feit dat Hy dit gedoen het (1988: 98).

Die enigste beskikbare sistematiese teologie deur 'n Protestantse Charismatikus heg dus — soos Pinkstermense — 'n hoë waarde aan ervaring en laat selfs toe dat hierdie beklemtoning meespeel in die ontwerp van teologiese onderwerpe (vreugde oor die skepping en ook vir die voordele van die versoening). Maar *Renewal Theology* toon wel 'n wyer kennis van teologiese literatuur en 'n dieper verhouding met — sowel as 'n groter ekumeniese openheid ten opsigte van — die breë kerk. Terselfdertyd kan gesê word dat Williams die Bybel op 'n prekritiese wyse hanteer. Verder raak hy ook nie betrokke in 'n gesprek met die breë spektrum van Europese teologie en eksegese nie.

Spittler (1991: 307) beëindig sy evaluering van die geskrifte van Protestantse Charismatici deur te sê dat as 'n geheel reflekteer hulle 'n teologiese styl wat meer gesofistikeerd is as die te vinde in die Klassieke Pentekostalisme maar minder tegnies as die by sekere Rooms-Katolieke charismatiese teoloë. Hierdie Protestante probeer

nie om op 'n rigiede wyse die sogenaamde "unieke leerstellinge" wat op 'n manier die Klassieke Pentekostalisme identifiseer, op die voorgrond stel nie. Op 'n openhartige en positiewe wyse bevestig hulle al die leerstellinge van die breë kerk en werk hard daaraan om hulle lojaliteit teenoor hulle eie hoofstroom-denominasies te handhaaf — eerder as om suspisie teenoor "ander" groeperinge te beklemtoon. Hulle vind dit makliker om positief te voel oor die groot variëteite van die kerk as die meer beperkende ekklesiologie van die Rooms-Katolieke tradisie. Hierdie groep van kenmerke hou veel belofte in vir die toekoms van teologie onder Protestantse Charismatici. In die algemeen gesproke is hulle styl dus meer gesofistikeerd as die binne die Pentekostalisme, minder ekklesiologies eksklusief as die in die Katolieke tradisie en gewoon net ouer en daarom meer volwasse as die van die pasgebore "Derde Golf".

## 4.2 Sistematiese Teologie by sommige Rooms-Katolieke Charismatici

Die Rooms-Katolieke Charismatiese Beweging het in 1967 in 'n kapel van die Duquesne Universiteit (Katoliek) te Pittsburg begin. Saam met hierdie nuwe beweging het daar stilweg 'n groot volume hoë kwaliteit teologie die lig gesien. Die Katolieke Charismatici het voortgebou op die sterkte van hulle eie tradisie. Dit beteken dat hulle aandag gegee het aan skrywers uit vorige rye, wyer bronne binne die Europese tale benut het asook gewerk het binne 'n kerklike tradisie wat gewoond is aan die daarstelling van akademiese teologie.

Dit is interessant dat Lederle (1988) Katolieke verteenwoordigers binne al drie van sy hoofgroepe vind: Neo-Pentekostaliste, sakramentaliste, en die groep met die integrerende interpretasies van die Geestesdoop. Spittler (1991: 308) verduidelik sy standpunt dat die Katolieke teoloë besondere trou aan Rooms-Katolieke vooronderstellings betoon deur te sê dat die Rooms-Katolieke Kerk, drie keer die grootte van al die Protestantse Kerke gesamentlik, groot genoeg is om charismatiese teoloë daarbinne te huisves en om dus die charismatiese impuls te absorbeer sonder om tekens van skeuring te openbaar. Hy wys ook op twee kenmerke wat tot dusver

nie binne die Pentekostalisme of by Protestantse Charismatici na vore gekom het nie:

(1) die bereidheid om van gesofistikeerde kritiese metodes in bybelse interpretasie gebruik te maak, en

(2) die interaksie met filosofiese skole met die doel om 'n teologiese raamwerk daar te stel.

Spittler (1991: 309-310) gaan voort deur daarop te wys dat net twee Katolieke Charismatici se werke eintlik beskou kan word as dat hulle 'n sistematies-teologiese doelstelling het. Eerstens is daar Heribert Mühlen, sistematies-teologiese dosent te Padenborn, Duitsland, wat in 1978 'n Charismatiese Teologie uitgee. Hierdie volume is eintlik 'n kursusboek wat bestaan uit twee sewe-week reekse — een bestaande uit lesings om die saak te begryp en die ander vir leiding in gebed. Die werk is bedoel as 'n studiekursus vir charismatiese gemeentelike vernuwing. In werklikheid is dit nie 'n sistematiese teologie nie maar 'n soort van sistematiese behandeling van vernude Christelike ervaring. Die ander Katolieke geleerde waarna Spittler verwys is Donald Gelpi. Hy sê dat Gelpi 'n teologie konstrueer wat duidelik Rooms-Katoliek, Noord-Amerikaans en charismaties is. Dit is 'n soort van 'n swaargewig teologiese "probe" — nie 'n sistematiese teologie as sodanig nie, nie eens bybels in metode nie.

'n Mens kan dus sê dat teologiese styl sy mees tegniese, abstrakte en filosofiese vlak binne die Katolieke charismatiese sektor bereik. Daar word gesofistikeerde kritiese modelle van bybelse interpretasie bymekaar gebring met hoogsgeleerde filosofiese teologie — steeds met 'n fundamentele erkenning van individuele glossolalie-ervaringe.

### 4.3 Charismatiese teologie binne die "Derde Golf"

Soos vantevore gesê verskil teoloë oor watter groepe tot die "Derde Golf" behoort. Aangesien ek sterk op Spittler se beskrywings ten opsigte van teologieë van die Eerste en die Tweede Golf geleun het, sal daar eerste aandag gegee word aan sy insigte rakende die invloed van charismatiese teologie op "Evangelicals".

#### 4.3.1 Charismatiese Teologie onder sommige "Evangelicals"

Spittler (1991: 310-312) sê dat die sterk evangelie-gesindes — die laaste groot sektor van die kerk in die algemeen om deur die Charismatiese Beweging beïnvloed te word — as 'n geheel 'n versigtige afstand behou van die jonger Pentekostalisme. Die "Derde Golf" terminologie, wat nou ook deur die kerkstatistikus David B Barrett aanvaar is, dui op "Evangelicals" wat hulleself nóg as Pentekostaliste nóg as Charismatici beskou maar nogtans soos laasgenoemde groepe glo en soos hulle optree.

In terme van ons vraag oor wat teologie vir hierdie groep is, word ons met dieselfde probleem gekonfronteer as met die ander groeperinge: as 'n Beweging is die "Derde Golf" doodeenvoudig te jonk om naby aan die daarstelling van 'n sistematiese teologie te kom. Maar dit het 'n literatuur geproduseer wat in genre — naamlik persoonlike getuienisse — eintlik met die eerste publikasies van die Klassieke Pentekostalisme, die Neo-Pentekostalisme en die Rooms-Katolieke Charismatici ooreenstem. "In die begin kom die getuienisse."

Verskeie persoonlike verhale van hierdie "Evangelicals" wat onder die invloed van die Charismatiese Beweging gekom het, het verskyn. C Peter Wagner, wat 'n soort van 'n ankerrol vir die beweging speel, karteer die groei daarvan in sy boek, *The Third Wave of the Holy Spirit: Encountering the power of signs and wonders today* (1988).

Toegewyde en ondersteundende verklarings van die nuwe evangeliese supernaturalisme het na vore gekom vanaf sodanige akademici soos psigiater John White met *When the Spirit comes with power: Signs and wonders among God's people* (1988), antropoloog Charles Kraft (*Christianity with power: Your worldview and your experience of the supernatural*, 1989), en (*Defeating dark angels: Breaking demonic oppression in the believer's life*, 1992), pastor-teoloog Don Williams (*Signs, Wonders and the kingdom of God: A biblical guide for the reluctant sceptic*, 1988) en vorige Dallas Seminary professor Jack Deere (*Surprised by the power of the Spirit*, 1993 en *Surprised by the voice of God*, 1996). Wat hierdie werke betref stel Williams 'n volledige teologie voor ten opsigte van die koninkryk van God om daardeur die verwerkliking van tekens en wonders te ondersteun. Kraft praat van 'n omvattende wêreldbeeld en die nodigheid van 'n

paradigmaverskuiwing en van die Westerse kulturele uitkyk wat nie in staat is om hierdie sake te hanteer nie.

Spittler som die evaluasie van hierdie groep op deur te sê dat wat die teologiese styl van hierdie jongste groep betref, die Bybel baie ernstig opgevat word en op sigwaarde — net soos in die Klassieke Pentekostalisme en by die meeste Protestante Charismatici. Bemoedigende, lewensveranderende, paradigma-verskuiwende individuéle getuienisse funksioneer op 'n prominente wyse. Die mense van hierdie groep, in die geheel gesien, is beter gekwalifiseerd as die in die Klassieke Pinksterdom en ten minste net so bekwaam as die Protestantse Charismatici. Aangesien die meeste van die verteenwoordigers professionele akademici is, kan uit hulle getuienisse gemerk word dat hulle hul teologiese geleerdheid tot die voordeel van vernuwing aanwend deurdat hulle beweeg van 'n vernude persoonlike ervaring tot ondersoekende opstelle waarin hulle die voordele van hulle onderskeie velde van bekwaamheid inkorporeer.

### 4.3.2 Charismatiese Teologie in sommige van die Onafhanklike Kerke

Daar is reeds daarop gewys dat Lederle die noemer "Third Wave" eerder op 'n ander groepering wil toepas. Hy verwys naamlik na die groeiende verskynsel van onafhanklike charismatiese denominasies en netwerke. Die eerste van hierdie groepering is die sogenaamde *Faith Movement* of *Geloofsbeweging*. Die Rhema-kerke en vele ander van die onafhanklike "Christian Centres" behoort tot hierdie kategorie. Hulle het baie spesifieke leerstelling oor die krag van die gesproke woord en oor materiële voorspoed. Die klem is op geloof as tot beskikking van die gelowige. In sy boek *Quenching the Spirit* (1992), beskryf William DeArteaga die ontwikkeling van hierdie soort geloofsidealisme vanaf sy vroeëre wortels in die werk van EW Kenyon tot die huidige posisie. Hy sê (1992: 214) dat in resente tye is die geloofsidealisme van Kenyon, wat gekwalifiseer en beperk is deur beloftes in die Woord, gesimplifiseer tot 'n sisteem van absolutes. Die nuwe geslag geloof-populariseerders bied 'n vorm van Christendom aan wat daarop aanspraak maak dat lyding, swaarkry en opoffering nie meer deel is van die prys wat in die ontplooiing van die koninkryk betaal moet word nie aangesien suiwer geloof alle

weerstand uit die weg kan ruim. Hy beskryf ook die reaksie op hierdie soort teologie deur verskillende mense en spreek die hoop uit dat 'n meer gebalanseerde en volwasse begrip van geloof uiteindelik na vore sal kom.

Die tweede groep van kerke behoort tot die verskillende "Restoration" groepe. Andrew Walker in *Restoring the kingdom: The radical Christianity of the House Church Movement* (1985) beskryf hulle ontwikkeling. Dit kom daarop neer dat hierdie groepe graag wil sien dat Nuwe Testamentiese patrone herstel word waarin daar meer op onderlinge verhoudinge gekonsentreer word — eerder as op strukture — asook op die sogenaamde vyfvoudige bediening waarop in Efesiërs 4: 11 en verder gesinspeel word. Sommige mense voel dat hierdie groepe 'n neiging tot eksklusiwisme, selfs 'n elitistiese houding teenoor ander het terwyl 'n sterk outoritêre opset nie 'n ongewone verskynsel in hulle kringe is nie.

Die *derde* groep behoort tot die sogenaamde *Dominion Movement*, beïnvloed deur die Christelike Rekonstruksioniste. Hulle poog om die koninkryk weer op te rig in alle areas insluitende die sekulêre lewe. 'n Voorbeeld van hierdie soort teologie is te vinde in House se *Dominion Theology* (1988).

Die *Power Encounter Movement* hou nogal sterk verband met dit wat vroeër ten opsigte van die Evangeliegesinde Charismatici opgemerk is. Baie van die leiers kom uit dieselfde agtergrond alhoewel hulle hulself in onafhanklike kerke bevind. Die leiers lê sterk klem op die toerusting van elke gelowige met die oog op bediening van genesing, bevryding en evangelisasie deur "tekens en wonders". John Wimber met sy Power evangelism (1986), *Power healing* (1987) en *Power points* (1991), asook Kevin Springer met *Power encounters among Christians in the Western World* (1988) is goeie voorbeelde van hierdie groep. Wimber is ook die vader van die groeiende getal Vineyard-kerke.

Weer eens moet gesê word dat die leiers van hierdie groepe maar pas begin het om hulle eie gedagtes te ontwikkel. Sommige van hulle is besonder invloedryk as leiers van groeiende kerke en dit gaan heel waarskynlik daartoe lei dat 'n verdere sistematisering van hulle denke sal plaasvind.

# 5. SLOTSOM

Dit blyk dat dit moeilik is om die inhoud van 'n sistematies-charismatiese teologie te skets. Redes hiervoor is eerstens dat charismatiese teologie net in sy kinderskoene staan wat ontwikkeling betref en nog nie tot volwassenheid gegroei het nie. Dit is nog 'n jong beweging en baie teologie word op 'n informele, mondelinge wyse, bedryf. Die meeste Charismatici kom uit 'n teologies meer volwasse agtergrond as die Pinkstermense maar die mees ontwikkelde charismatiese teologieë kom uit Katolieke geledere

'n Verdere probleem is dat Charismatici in al die verskillende hoofstroom historiese kerke sowel as in nuwe groepering van kerke te vinde is. Mense uit verskillende teologiese agtergronde — Pinkster, Gereformeerd, Katoliek, Baptisties, Anglikaans/Episkopaals, Ortodoks en andersins — word dus saamgegroepeer onder een sambreel. 'n Eenvormige sistematiese teologie sal heel waarskynlik nie uit so 'n agtergrond ontwikkel nie.

Daarenteen moet dit gestel word dat 'n charismatiese teologie desnieteenstaande sal groei. Die groeiende getal Charismatici sal die leiers van die Beweging dwing om ywerig na te dink oor hulle eie leerstellinge in verhouding met die van ander kerke en groepe. Dit kan gehoop word dat hierdie vertakking van die Christendom al hoe meer 'n positiewe en kreatiewe invloed op teologie in die algemeen sal hê.

# BIBLIOGRAFIE

BARRETT, D B

1988. s.v. 'Statistics', in Burgess, S T & McGee G B (eds.) 1988. *Dictionary of Pentecostal and Charismatic Movements*: 810-830.

1989. Annual statistical table on global mission: 1989. *International bulletin of missionary research* 13 (1): 20-21.

BURGESS, S T & MCGEE G B (eds)

1988. *Dictionary of Pentecostal and Charismatic Movements*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

DEARTEAGA, W

1992. *Quenching the Spirit: Examining centuries of opposition to the moving of the Holy Spirit.* Lake Mary, Fl: Creation House.

DEERE, J

1993. *Surprised by the power of the Spirit*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

DEERE, J

1996. *Surprised by the voice of God*. Grand Rapids, MI: Zondervan.

HOLLENWEGER, J

1993. De Pinksterbeweging en academische theologie. *Kerk en theologie* 44(2): 151-158.

HOUSE, H W

1988. *Dominion Theology: blessing or curse?* Portland, Or: Multnomah Press.

KRAFT, C

1989. *Christianity with power: Your worldview and your experience of the supernatural*. Ann Arbor: Servant Publications.

1992. *Defeating dark angels: Breaking demonic oppression in the believer's life*. Ann Arbor: Servant Publications.

LEDERLE, H I

1988. *Treasures old and new. Interpretations of "Spirit-Baptism" in the Charismatic Renewal Movement*. Peabody: Hendrickson Publishers.

LEDERLE, H I

1990. The Spirit of unity: a discomforting comforter. *Ecumenical*

*Review* 42(3-4): 279-287.

McDonnell, K

1980. *Presence Power Praise: documents on the Charismatic Renewal.* Collegeville, MN: Liturgical Press.

Mühlen, H

1978. *A Charismatic theology: initiation in the Spirit.* London: Burns and Oates; New York: Paulist Press.

Spittler, R P

1991. Doing Theology in today's world, in Woodbridge, J D. & Comiskey T E. (eds.). *Essays in honor of Kenneth S. Kantzer.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Springer, K (ed)

1988. *Power encounters among Christians in the Western World.* San Francisco: Harper & Row.

Wagner, C P

1988. *The Third Wave of the Holy Spirit: Encountering the power of signs and wonders today.* Ann Arbor, MI: Servant.

Walker, A

1985. *Restoring the kingdom: The radical Christianity of the House Church Movement.* London: Hodder & Stoughton.

White, J

1988. *When the Spirit comes with power: Signs and wonders among God's people.* Downers Grove: InterVarsity Press.

Williams, D

1988. *Signs, Wonders and the kingdom of God: a biblical guide for the reluctant sceptic.* Ann Arbor: Servant Publications.

Williams, J R

1988. *Renewal theology: God, the world and redemption.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

1990. *Renewal theology: Salvation, the Holy Spirit and Christian living.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

1992. *Renewal theology: The church, the kingdom and last things.* Grand Rapids, MI: Zondervan.

Wimber John & Springer, K

1986. *Power evangelism.* San Francisco: Harper & Row.

1987. *Power healing*. San Francisco: Harper & Row.

1991. *Power points*. San Francisco: HarperSanFrancisco.